

In 'n Kerk waar Jesus veronderstel is om deurlopend aktief, betrokke en Lewend te wees - eerder as 'n historiese oorblyfsel wat gewaardeer en aan wie eerbied getoon word en oor wie daar geleer word - is daar Vryheid!

Elkeen, in wie Yeshua lewe en daaglik funksioneer as sodanig onder die Gelowiges, het 'n verantwoordelikheid om hul Gawes aan te bied in die "Opbouing van die Liggaam".

ALLES wat Jesus is, is uitgestort op Sy Liggaam in AL Sy Gawes.



JESUS

Werklike Lewe en Ware Hoof

Soos gewoonlik, as ons met enigiets kan help, kontak asseblief die Kerk hier:
 P.O. Box 68309, Indianapolis, IN 46268, VSA

www.JesusLewendig.com

kopiereg © 2006 RealPeople@JesusLifeTogether.com

Kopiereg wette, so mal as wat hulle is wanneer ons van God se Woord praat, vereis dat ons die volgende sê: Hierdie materiaal is onder kopiereg en mag nie aangehaal en/of gereproduseer word sonder die hele konteks (die hele dokument), sonder die outeur se toestemming nie. In elk geval, voel vry om dit vol te reproduseer. En, natuurlik, hierdie publikasie mag nooit vir enige prys verkoop word nie (2 Korintiër 2:17, Matteus 10:8)



SY UITNODIGING

Bruid Van Christus, Berei Jouself Voor

Die uitnodiging van God aan die hele wêreld, is om 'n
tuiste te wees vir die Vader, Seun en Heilige Gees - om
'n Bruid te wees wat haarself gereed gemaak het vir die koms
van haar lieflike Bruidegom, Jesus (Joh.13-15, Efes. 2-5, Openb.
19:7). As jy dink rondom die beskrywing van hoe die lewe, vir
en met Christus tot 'n hoogtepunt kom - wat sou jy sé? *Dit is*
'n hofmakery - en 'n bruilofsete! God doen 'n beroep op ons
en sê: "Ek het die sekerheid omtrent Myself. As jy saam met
My is, en kyk na wie Ek regtig is, sal daar geen ander minnaars
wees wat met My vergelyk kan word nie. Daar is niemand en
niks anders in die heelal wat jou hart sal kan wen, soos Ek nie
- omdat Ek jou vir Myself gemaak het. Ander dinge het jou
aandag afgetrek, maar as jy net die tyd wil neem om saam met
My die pad te stap, sal jy sien wat die lewe werklik moet wees,
en ons sal 'n bruilofsfees hé!!"

"So, berei jouself voor, Bruid!"

Van die begin af het hierdie uitnodiging mense aangespoor om na Hom te soek. Dit is Sy uitnodiging, ook aan ons vandag. Dit is waaroor dit alles gaan. Dit is nie maar net 'n doktrine nie, dit is 'n verlange na dit wat binne-in ons is. Dit laat ons na Hom kyk en sê: “Ek kan nie sonder Hom leef nie, of wat kosbaar en belangrik vir Hom is nie! Ek wil nie sonder dit leef nie! Ek sou nooit wil droom om buite Sy wil of buite Sy doel met my lewe te leef nie. Ek wil die Lam volg, waar Hy ookal gaan. Dit maak nie saak wat Hy in my lewe wil hê nie, Hy het dit! Hy is die Brood van die Lewe, in Wie ek al my behoeftes en vervulling vind. Hy's die toonbeeld van leierskap, en goedheid en vergifnis en genade, waarsonder ek nie kan lewe nie – *waarsonder ek nooit wil lewe nie!* Ek wil Hom in Sy krag sien. Ek wil Hom in strengheid sien. Ek wil Sy goedheid sien. Ek wil Sy liefde en meegevoel sien. Ek wil Sy onbeskryflike wysheid sien. EK WIL BY HOM WEES! Ek wil elke woord hoor wat Hy sê. Ek wil nooit 'n tree van Hom weg wees vir die res van my lewe nie. Ek kan nie my rug op Hom draai, net omdat ek met hoogmoed, traagheid of seerkry in my lewe sit nie. Ek kan nie my rug op Hom draai nie! Die versoeking is daar om dit te doen, maar die verlies sal te groot wees.

Jesus het al die kwaliteite: Hy is op 1000 verskillende maniere oplettend. Sy wysheid kan nie in woorde beskryf word nie. Dit is ons Meester. Dit is Jesus. Dit is nie 'n feë-verhaal nie. Dit is nie sommer 'n storie omtrent 'n god wat die wêreld geskep het en nou op 'n groot wit troon sit nie. Dit is omtrent die Persoon van Jesus en Sy Vader wat oor ons regeer. As ons net sal aandag gee, as ons die tyd sou neem om Hom te ontmoet, is daar geen manier waarop ons Hom langer kan weerstaan nie. Die probleem is egter 'n gebrek aan bereidheid om onself oor te gee aan Sy ervare en liefdevolle hande. Sy betroubaarheid is ongelooflik. Ons kom egter nie naby genoeg om dit te sien nie, want ons hou onself te besig met ons eie dinge, en is te onoplettend — en wil eenvoudig nie die tyd uitkoop om deur Sy liefde verblind te word of toe te laat dat hy ons harte steel nie.

Vader weet dat as ons die tyd afvat om in Sy Seun saam met Hom te wees, dan sal Hy Sy karakter aan ons demonstreer, sodat Hy vir ons onweerstaanbaar sal wees. Die kwaliteite van Sy karakter is

geweldig. Daar is iets in die saamwees met Hom, wat jou sal uitruk uit al die dinge wat jou belemmer of belas en waardeur jy afgetrek word. Skielik is jy betower deur iets wat buite die raamwerk van die normale vloei van jou ervarings is. Dit is JEUS! En Hy nooi ons uit om saam met Hom die pad te loop. Hy sal jou betower met al Sy kwaliteite van goedheid, genade en ewige vergifnis.

Jy sal Sy glimlag en die glinster in Sy oë sien. Jy sal sien hoe die wind deur Sy hare waai. Jy sal dinge sien en hoor en ondervind, dinge wat jou na 'n ander realm sal neem en tyd sal nie meer daar bestaan nie (*Open. 1:12-18*). Jy sal Sy leierskap en Sy krag sien. Jy sal sien dat Hy 'n afkeer in sonde het. Jy sal sien dat Hy 'n fokus en 'n helder visie het, waaroor die lewe behoort te gaan. Jy sal Sy diep lag hoor en die warmte van Sy omhelsing voel.

Kom ons volg Hom. Hy sal jou Sy leierskap toon. Hy sal jou Sy sterkte toon. Hy toon jou Sy onbeweeglike karakter en kwaliteit-lewe wat jou sal betower, wat jou sal aanspoor om saam met Hom te kom, want, dit is veilig daar waar Hy is. Hy sal jou 'n goedheid en sensitiwiteit toon, wat dwarsdeur jou hart en lewe kyk. As jy na Hom kom en jou misrabele lewe, wat só vol van jouself is, neerlê, dan sal Hy jou was en jou reinig en Sy Gees in jou plaas. Dan sal Hy die diamante en die roebies en die juwele uithaal, en sal Hy jou kroon as Koning en Koningin.

Hy wil graag 'n leër van volgelinge opbou. Dit is nie net een of ander teoretiese, logiese doktrine van - “Volg My of jy sal hel toe gaan” nie. Wel, dit is waar, maar dit het niks te doen met wat Jesus vir die twaalf kom wys het nie. Dink jy hulle het Jesus regoor die landstreek gevolg omdat Hy hulle met die vinger gewink het om Hom te volg, anders gaan hulle hel toe? Kan jy aan enige skrif dink wat dit vir jou sê, dat dit dit was wat Jesus vir hul gesê en gedoen het? Is dit wat Hy gedoen het toe Hy deur die nag met Sy Vader in gebed was? Het Hy gesê : “Vader, wys My wat Ek moet sê” en toe opstaan en sê: “Julle twaalf, kom saam met My of gaan hel toe” ? Nee, — hulle *wou* by Hom wees, omdat hulle iets omtrent Hom gesien het, wat hul verstom het. Hulle het Sy wysheid, goedheid en geduld gesien.

Hulle het sterk leierskap en 'n standvastige karakter in Hom gesien. Hulle het iemand gesien wat die stampe van die lewe kon vat en kon vasstaan met 'n glimlag om Sy mondhoeke en met dapperheid in Sy oë. *En hulle wou soos Hy wees - hulle wou by Hom wees!* Hulle wou nêrens gaan, behalwe om by Hom te wees, aan Sy sy nie. (*Matt. 4:19-22. Joh. 6:68, Hand. 5:20, Hand. 3:19-20*).

Hy het nie nodig gehad om hulle te dreig nie, en Hy dreig ook nie vir ons nie. Hy nooi ons uit om Hom te sien soos Hy is, Sy wonderbaarlike kwaliteite en die wonderbaarlike persoonlikheid wat Hy het, sodat ons by Hom wil wees, in hierdie lewe en hierna. Ek wil soos Hy wees wanneer ek grootword. Regtig, ek wil.

Dis nie meer lank nie, dan kom Jesus terug om Sy voorbereide Bruid te kom haal. Die wil van Vader is egter om nie net die Bruid te besoek nie, maar om die Bruid self te *wees*, ...nie net om 'n huis te *besoek* nie, maar om 'n Huis te *wees*. As jy sou teruggaan tot in die Ou Testament, sal jy sien dat Sy begeerte nog altyd 'n Huis was, nie net geredde mense as Sy eiendom nie. Sy begeerte is 'n woning, 'n plek waarin Hy kan woon op hierdie planeet wat Hy geskep het. Jesus vertel ons in Lukas 17, dat Sy Koninkryk nie hier of daar is nie, maar *dis binne-in die mense wat die plek in hul hart vergroot het*, wat die dinge van die wêreld, vleeslike begeertes, luste en ambisies uitgestoot het, om plek te maak vir Jesus in hul harte, soos Hy ons leer in Johannes 8. Dit is die natuur van die Eklesia, Sy lewende Liggaam en Kerk.

Jesus het nie net gekom om sonde te vergewe nie, hoe wonderlik dit ook mag wees, ook nie sodat ons net oor dit wat Hy geleer het kan nadink nie. Hy het gekom dat ons die ervaring kan hê om dieselfde Lewe te ondervind met die Vader, as wat Hy gehad het - nie net om hier te lewe, te sterf en hemel toe te gaan nie. Soos geskryf is: Hy het aarde toe gekom, sodat ons in "die krag van 'n onvernietigbare lewe", dieselfde gemeenskap en lewe en liefde met die Vader en Sy broers sou kon hê, as wat Jesus gehad het.

Om gered te word, is VER van die einde van die storie. Soos met Jesus se geboorte, is ons geboorte maar NET die begin van 'n

kragtige storie wat Vader in ons wil vertel. (*Kol. 1:26-29, Gal. 4:19, Joh. 7:38*). Sy begeerte is, dat Christus in ons gestalte moet kry en dat ons (Sy Mense, Sy Bruid, Sy Huis, Sy Eklesia) die volle heerlijkheid van Jesus van Naseret op hierdie aarde sal verteenwoordig. God se begeerte is nie net om as enkeling Jesus te reflekteer nie, maar om tesaam, as 'n eenheid, Jesus hier presies te verteenwoordig.

Die uitwerking van hierdie "onnaspeurlike rykdom", sal afhang van hoe ons elke dag saam lewe. Godsdien en christelikheid het ons deur die jare baie geleer *omtrent* Jesus en Sy Kerk. Dit het tyd geword dat ons aanbeweeg om van lering *omtrent* die kerk, na hoe om self die Kerk te *wees* (*Efes. 3:10, Matt. 16:18*).

Ons kan alleenlik Sy Kerk WEES en Sy lewe leef, as ons mekaar liefhet en ons lewe daagliks met mekaar deel. Ons help mekaar om Jesus beter te leer ken, deur mekaar te help om die sonde in ons lewe af te lê. Om ander lief te hê en vir ander om te gee, beteken om nie eerste aan onself te dink nie. Dit is die lering van Jesus. Dit is hoe Hy gelewe het en nou verwag Hy dat ons ook so moet lewe. Hy het die voorbeeld kom stel. Dit is *hoe* die Bruid "gereed gemaak" moet word vir die terugkeer van haar Bruidegom, Jesus. Ons word liefliker en liefliker as ons leer om *mekaar waarlik meer lief te hê*. As ons ontslae raak van die eie ek en hoogmoed, wat die een van die ander skei, as ons ons harte gewilliglik oopmaak om kwesbaar te wees vir mekaar, dan sal die Gees van God, die Genade van God en die Liefde van God oor ons uitgegiet word... en dan sal ons 'n lieflike Bruid wees, GEREED vir die terugkoms van ons Bruidegom, Jesus.

Dit is 'n Kerk - om elke dag só te lewe, nie om die Huis van God te *besoek* nie, maar om die plek te *wees* waar God in Lewe. Dan sal ons huise, ons werksplekke, en ons kerk n eenheid vorm. Daar is nou nie meer hindernisse tussen my en jou en my huis en jou huis nie. Ek verban alle selfgesentreerdheid, hoogmoed, luiheid en ongeloof en gee om vir ander mense, soos Jesus my ook liefgehad het. Indien almal dit sou doen, vanaf die minste tot die grootste, sal Jesus Sy helende olie uitstort en ons tot 'n Kerk, 'n lieflike Bruid salf. Jesus het nie gekom om ons ouliker of slimmer te maak nie. *Hy*

het gekom, om ons **Lewe** in oorfloed te gee - om Sy lewe daaglik in mekaar te ondervind, nie om woorde wat geleen is te spreek of godsdienstige gebede te bid of te sing nie. LEWE!

JESUS:

Bouer en Ontwerper

Om te bou met Goeie Materiaal

Wat is 'n Kerk en 'n Christen?

Die Bybel leer ons dat God nie in Huise woon wat deur mense-hande gemaak is nie. Efesiërs 2, en baie ander gedeeltes in die Bybel, sê dat *ons* die woonplek of bewoning van God deur Sy Gees is - die Kerk. Wanneer jy padlangs ry, sal jy gewoonlik 'n godsdienstige gebou raaksien, want dit lyk na 'n godsdienstige gebou. Maar omdat 'n ware Kerk uit mense bestaan, *en nie net 'n gebou is nie*, hoe lyk dit *dán regtig*? Hoe sal jy die verskil tussen 'n ware Kerk en 'n vals een uitken?

In die “Kerk” van die Ou Testament het jy 'n lidmaat geword, op grond van wie jou ouers was (Jode). As jy basies die regte ding geglo het en jou ouers was deel van die kerk, en jy die kerk gereeld bygewoon het en jou tiende gegee het, dan was jy 'n lidmaat van die kerk. *In die Nuwe Testamentiese Kerk van Jesus, is dit nie waar nie - jy moet jou hart vir Jesus gee.* Die profesie omtrent die Nuwe Testament is dat die Kerk wat God bou, die ware Kerk is *vanaf die kleinste tot die grootste, sal AL die lidmate die Lewende God ken.* Die Kerk kan ALLEENLIK op hierdie manier verstaan word. Enigiets minder as dit, mag goedbedoel en godsdienstig wees (waarin party Geredde mense betrokke is), maar dit is NIE die Kerk van Jesus Christus, nie 'n plaaslike Lampstaander nie, as dit net bestaan uit mense wat iets “bywoon” wat volgens 'n kalender geskeduleer word, sonder daaglikse ineengestremde Lewe met mekaar nie (*1 Kor.12*).

‘n Ware Kerk wat van lewende stene gebou is, wat Jesus na kyk en liefhet, is gemaak van goeie materiaal. As enige gebou van gebrekkige materiaal gebou is, sal dit ineestort. As die hout wat die dak van gemaak is, verrotte hout is, sal dit inmekaar val. Sagte stene, wat nie behoorlik voorberei is nie, sal nie die gewig kan dra nie en die gebou sal inmekaar tuimel. Dieselfde gebeur as ons probeer om God se huis met gebrekkige materiaal te bou; dit sal inmekaar stort. As ‘n persoon nie *werklik* vir God ken nie, kan hy/sy nie ‘n lidmaat wees van Jesus se Kerk nie. As die Huis wat God met mense bou daartoe instaat moet wees om te bly staan, mag dit nie slegte stene hê nie (*1 Kor. 3-5*).

Moet die Kerk, of sy individuus dan perfek wees? Dit kan natuurlik nooit moontlik wees nie (*1 Joh. 1*). Maar volgens die Woord van God is die volgende vereistes WEL nodig: Een honderd persent moet “in die Lig lewe” en die “Waarheid liefhê” en om God waarlik op so ‘n manier te ervaar wat “vlees en bloed nie ge-openbaar” het nie. *JA, dit is wat vereis word. (Mat. 16:16-18, Joh. 3:19-21, 1 Joh. 1-3, Eseg. 11:19, Eseg. 36:26, Jer. 31:34)*. Dit is wat Jesus gesê hoe Hy SY Kerk sal bou, as dit SY Kerk sou wees. Enigiets anders sal wees soos ‘n huis wat met sagte stene en verrotte hout gebou is. Die huis wat Jesus bou, is die beste Huis in die wêreld, want Jesus gebruik net goeie materiaal om Sy Huis mee te bou.

Weereens, dit beteken nie dat almal perfek moet wees nie, maar dit beteken dat elke persoon Jesus moet liefhê en Hom gehoorsaam moet wees, en nie die hulp van ander mense verag wat hulle wil help om Jesus lief te hê en om Hom gehoorsaam te wees nie. Goeie bou-materiaal vir God se Huis, is wanneer iemand die “Lig liefhet”, volgens Jesus Homself. Iemand wat nie gehelp wil word nie, is soos sagte bou-materiaal, soos verrotte hout. Hierdie persoon redeneer so: “Moenie my oordeel nie, hou jou besig met jou eie besigheid”. Hulle sal tot verdediging sê: “Haal die balk uit jou eie oog”. Dit is slegte bou-materiaal, wat onaanvaarbaar in die Huis van God is. Jesus sal nooit Sy Huis op hierdie manier bou nie. Dit is verrotte hout en sal absoluut afgesny word van onder die mense. (*Hand. 3:23, Malt. 18, 1 Kor. 5*). In ‘n Ware Kerk, sal ‘n persoon wat só optree, nie welkom wees nie. Dit maak geen verskil hoe ryk hul

is of hoe goed hul die Bybel ken nie. Hul mag selfs ‘n “leier” wees, maar indien hulle nie op ‘n sagte manier reageer tot die lering van Jesus nie, dan kan hul nie deel wees van Jesus se ware Kerk wat deur die Heilige Gees gebou is nie. As hulle liefde en smeking, wysheid, hulp en geduld weerstaan, en hulle nog toegelaat word om onder God se mense voort te gaan, sal dit wees asof ons Jesus se gebooie, (Sy opdragte) ignoreer.

Indien iemand gered is, SAL hul die Heilige Gees hê. (Rom. 8:9, Gal. 3, Efes. 1) Die BEWYS dat hul die Heilige Gees in hul het, (dit maak nie saak hoeveel keer hulle hul magtige “getuienis” gee en sê: “Here, Here” — Matt. 7) is die feit dat hulle lief daarvoor is om gehoorsaam te wees. Hulle is nuwe skeppings en het die Lig en die Waarheid lief, (2 Thess. 2:10) en “smag” soos nuutgebore babas daarna dat die onvervalste melk van die woord *in hul lewens aangewend sal word* (1 Petrus 2). Indien ‘n persoon die Heilige Gees het, sal hul die Lig en die Waarheid Liefhê, en dan sal hul gedrag begin verander. Hulle het berou oor die manier waarop hulle hul man of vrou behandel het en hulle verander. Hulle het berou oor die manier waarop hulle hul medewerkers, of hul kinders, of hul bure behandel het en hulle verander. Hulle het berou oor hul sondes van die verlede en hul goddelose gewoontes en hulle verander en word meer volwasse.

Die gawe van die Heilige Gees is die waarborg van hul erfenis. “Dit is die uitspraak”, sê Jesus in Joh.3. Dit is die skeiding tussen onskuldig en skuldig. Nie dat almal volmaak is nie, maar diegene wie se sondes vergewe is, het ALMAL “die Lig lief”. Hulle besit die gawe van die Heilige Gees, wat hul nooit vantevore gehad het nie. Nou het in hul binneste verandering plaasgevind. Die harte van klip het verander in harte van vlees. In hul binneste het God Sy gebooie en verordeninge teweeggebring. Diep in hul binneste gee hulle ag op Jesus se woorde, omtrent hul gedrag. Die skape ken die Herder se stem, omdat hulle die Gees van God het. Die skape sê: “Ek wil Jesus volg, lei my op die regte weg”. Die bokke sê: “Los my alleen! Ek kan wonderwerke doen! Ek kan my geld vir die armes gee! Ek weet alles. Ek is beter as julle, en ek gee nie om wat julle sê nie”.

‘n Christen, ‘n deelnemer aan die Nuwe Verbond, het die Waarheid lief (2 Thess. 2:10) en lewe in die Lig (Joh. 3:19-21) en is nou ‘n “deelnemer aan die GODDELIKKE natuur” (2 Petrus 1:4, Rom.6:1-14). Dit is ‘n bewys dat die Heilige Gees in ons woon. Ons het nie nodig om enigeen te glo net omdat hul “Here! Here!” sê nie. **ALLEENLIK iemand wat homself oorgegee het aan Jesus, en wat deur Hom aangeraak is en in wie die Skepper van die heelal woon, is waarlik gered, en is ‘n “lidmaat” van Sy plaaslike Kerk.** (Rom. 8:9-11, Luk. 9:57-62, Joh.1:12-13, 3:16-21, 1 Joh 5:18-20).

‘n Ware Lampstaander, ‘n Outentieke Kerk, is BEPERK TOT (soos in 100% van die “lidmate!”) daardie wat ‘n openbaring het van die Seun — “wat vlees en bloed nie ge-openbaar het nie, maar My Vader wat in die Hemele is”. Dit gaan nie oor naby te wees, kennis, “toegewydheid” of opvoeding nie. Dit gaan oor ‘n persoonlike Ontmoeting met die Vader, in die Persoon van Sy Seun, waar die dood ‘n Goddelike soort Lewe, *Zoë* lewe, uit niks uit produseer (Joh.3:5-8, Joh.12:24, Rom.6:1-14, Gal.6:14-17). Natuurlik sal daar altyd ‘n paar wees wat “spesiale beskeidenheid” nodig het en ander wie nog moet besluit in hulle “nog een jaar”. (Joh. 13:8-9, Joh.15, 1 Joh.2:19, Judas 11-25).

Ons moet óf BO-natuurlike lewe met Hom en met mekaar hê, óf dit is NIE Bybelse Christenskap nie, en NIE ‘n egte Kerk nie. Sekerlik is daar sommige Geredde mense wat organisasies “bywoon”, wat nie ware Kerke is nie, alhoewel hulle hulself kerke noem. Dit is ‘n onderwerp vir ‘n ander bespreking. Ons sê maar net dat ons nooit Sy Troon sal raak, (ons sal net ons eie emosies “*psuche*” ervaar), as ons nie daagliks saam in Gemeensame-ZOË Lewe leef nie - oomblik na oomblik, in kontak met die Hoof (Jesus Christus) en die een met mekaar of ‘n “Diens” wat gelewer word “tot eer van God,” of om feite omtrent Hom te leer, of om deur musiek emosies op te wek, - histories, het baie min lewens verander na die karakter van Sy Seun. Of ons deel saam in die Bestandeel van die Godheid elke dag, óf dit is nie Ewige Lewe nie, ook nie ‘n Lampstaander en Kerk, soos wat God dit bedoel het nie. “n Klein bietjie suurdeeg, maak die HELE baksel suur”.

Ons moet nie soos klein kinders wees, wat net die regte dinge sê, maar nie leef soos Jesus nie. En die Kerk is nie net ‘n versameling van nagemaakte Christene wat die regte dinge sê, maar nie die inwonende Gees van Jesus as ‘n persoon het nie. Jesus is ‘n baie goeie Bouer. Hy wil nie met sagte, bros stene bou of verrotte hout gebruik nie. Hy wil ‘n glorie-ryke huis bou om in te woon - ‘n Huis wat geskik is vir die Koning wat Hy is. So, die bou-materiale wat Hy wil gebruik, moet van die beste kwaliteit wees. ‘n Ware Kerk wat deur God gemaak is, nie deur mense hande nie, is gemaak van lewende stene – ware Christene - teenoorgestelde van dooie klippe of stene of strooi. Jesus sal net met goeie bou-materiaal bou. As ons met Hom getrou het in ‘n Ooreenkoms en ‘n Eed en weggedraai het van alle ander “liefdes”, weergebore is, as ons sagte harte het, ‘n liefde vir Sy lerings het en ‘n opregte begeerte om dinge in ons lewe te verander wat nodig is om verander te word, en as ons fokus op Hom in oomblikke van teenspoed of in moeilikhede, Hom en ons broers en susters vra om ons te help, dan is ons lieflike, lewende stene vir die Huis waar Jesus in woon. Ons kan en sal ons ‘n glorieryke Bruid vir Jesus wees. Dit is die goeie nuus van God se Koninkryk.

Om Volgens Sy Patroon en Ontwerp te Bou

Om daagliks saam te lewe

Nou dat ons bepaal het wat goeie bou-materiaal vir God se Huis is.... oorweeg die volgende: Veronderstel ons neem al die goeie stene, al die goeie hout en al die goeie geskikte bou-materiale wat Jesus vir Sy Huis sou kies, en ons stapel dit alles op een hoop, sou ons nog nie ‘n Huis hê nie. God se Huis benodig meer as net goeie bou-materiaal (opregte Christene). Net omdat jy al die goeie materiale op een hoop gestapel het, wil dit glad nie sê dat jy ‘n huis het om in te slaap nie. Hierdie hoop sal jou nie kan beskerm teen die storm nie, maak nie saak hoe goed die materiale ookal mag wees nie.

Om ‘n goeie Huis te wees waarin Jesus kan woon, moet God se Huis gebou word volgens beide Sy patroon en ontwerp. Sy Huis

bestaan uit mense - Sy lewende stene, en Hy het 'n manier en 'n plan hoe ons ons lewens saam moet bou. Die Skrif beskryf Jesus as die Meester Argitek. Ons moet deeglik ag gee op Sy Bloudruk, Sy Plan.

God het baie wonderlike mense regoor die wêreld. Wat regdeur die wêreld in die laaste 2000 jaar gebeur het, is dat hierdie mense 'n begeerte gehad het om hul lewens te verander, sodat Hy tevrede daarmee kan wees, maar hulle is gefrustreerd. Hulle het nie hulle volle potensiaal bereik om Hom regtig goed te dien nie. Dit is hulle hele hart, maar hulle misluk aanhoudend. Die rede hoekom hulle misluk, is omdat ons op die verkeerde manier gebou het. Ons het nie volgens die Plan, die Ontwerp gebou wat God ons gegee het nie. Wanneer enigeen iets probeer doen, maar op 'n heeltemal verkeerde manier, sal hulle selde suksesvol wees, maak nie saak hoe opreg hulle mag wees nie.

Jesus se Huis is volgens Sy ontwerp gebou en nie ons eie nie. Sy ontwerp is: "baie vaders, moeders, broers en susters". Sy doel is dat ons ons "sonde die een teenoor die ander bely" en dan sal ons "gesond" word. Sy doel is dat ons "mekaar se laste sal dra, om só die wet van God te vervul". Sy doel is dat ons "een moet wees, soos wat Hy en die Vader een is". God se begeerte is nie dat ons aparte stene wat net op 'n Sondag bymekaar kom, om 'n praatjie of 'n seremonie by te woon nie, maar Sy begeerte is om 'n familie wat een is te bou, deurmekaar gevleg in elke area van ons daaglikse lewe, as 'n Familie.

Jesus het vir Sy Huis 'n ontwerp gekies wat oral in die wêreld dieselfde lyk, ongeag die taal of kultuur. Die doel van God is dat al Sy mense hul lewe sal aflê om die een die ander lief te hê en te dien, soos in 'n Familie. Die ware Kerk van Jesus, volgens Sy manier ontwerp om sterk te wees, moet elke dag 'n Familie wees. Hul eet saam, van huis tot huis, hul bedien mekaar, en help mekaar in baie verskillende maniere daaglik. Hulle gee mekaar daaglik God se Woord, en help mekaar so om meer en meer soos Jesus te wees. As hul sonde sien, stap hul saam 'n draai om daaroor te praat. Hulle wag nie tot "Sondag" om met iemand oor sonde te

hoor preek nie. God se bedoeling (Efes. 3:10, 1 Petrus 2) is dat ons almal elke dag Priesters en Ambassadeurs van God vir mekaar moet wees en in die wêreld, wanneer ons "opstaan, gaan sit en op ons pad aanbeweeg".

Ons is almal geroep tot Priesters vir Jesus. Ons is almal geroep om die Woord oor te dra en ander te help. Dit wil sê, as jy sien dat jou buurman selfsugtig, of kwaad, of hoogmoedig of drankverslaaf is, dít wat Jesus se hart breek, dan is dit ons almal se verantwoordelikheid om so 'n persoon te help, sodat hy kan verander. Dit geld vir elke dag. Dit het niks te doen met Sondae nie. Die ware Kerk van Christus is gebou met lewende stene, en die ontwerp van die Huis, is elkeen se taak as Familie. Dit is nie iets wat ons "bywoon" nie, maar dit is iets wat ons elke dag *is*.

Het jy opgelet hoe dit alles inmekaar pas? ALLEENLIK DEUR DAAGLIKSE VERHOUDINGS, kan jy weet of iemand die Lig en Waarheid lief het en of hy 'n kind van God is. Om net 'n paar byeenkomste in die week by te woon, kan nie bepaal of iemand wel die Lig lief het en maar net swak is, en of hy die Lig haat en dus nog nooit tot Redding gekom het nie. God se plan is 'n skat in erde kruike. God se plan is 'n priesterdom van gelowiges. God se plan is dat Sy mense "mekaar elke dag moet vermaan". As ons dit werklik saam uitleef, sal ons vind dat al die ware kinders van God meer en meer volwasse sal word. 'n Ander resultaat wat sal volg as ons so wandel soos God dit wil hê, sal ons gou agterkom as iemand hom voordoen, en nie waarlik die Lig liefhet nie. As hul nie tereg gewys wil word nie, as hul nie omgee wat Jesus omtrent hierdie dinge sê nie, as hul kwaad word en arrogant is, dan sal hulle ge-openbaar word as 'n vals Christen. Dit word dan duidelik dat hul nog nooit regtig hulle lewe vir Jesus gegee het nie. Die waarheid is dat hulle nie die Heilige Gees kan hê en terselfdertyd die Lig haat nie. (Joh. 3, 1 Joh. 1,3).

As ons op hierdie wyse wil bou - om ons selfsugtige lewens te verander, en waarlik te leer om mekaar lief te hê soos Familie elke dag, om verantwoordelikheid te neem om ander te dien en mekaar te help met die Woord van God - dan kan dit 'n Huis wees

waarin Jesus kan woon en liefhê. Dit sal 'n Huis wees wat goed ontwerp is, en dit sal vir Jesus gemaklik wees en vir ons ook, om daarin te woon.

Jesus het gesê as ons Sy Woord be-oefen, en die storms kom, (en hulle sal) dan sal dié huis bly staan. Dit sal staan omdat dit gebou is op die rots van “Sy Woord in praktyk toe te pas”, nie net om aan Sy Woord te dink of om dit te sing nie. As ons net Sy Woord sing, daarvoor bid, daarvoor praat en nie ons lewe verander om saam gehoorsaam te wees aan Sy woord nie, sal die huis nie bly staan as die storms kom nie. Al lyk die huis hoe mooi, dit sal verpletter word. Dit is wat Jesus in Matt. 7 belowe. So, maak seker dat jy/ julle op Sy manier bou en DOEN iets omtrent Sy Waarhede. Wees gehoorsaam aan hulle en die storms sal jou geen skade doen nie.

Op dieselfde manier as wat 'n voëltjie of klein hasie onder 'n rots inkruip as die storm kom, kan ons wegkruip in die skadu van Jesus se vleuels, as ons bou soos wat Hy van ons verwag. Die storms sal die bome skud en groot goed laat beweeg. Hulle sal kraak en die weerlig sal hul raakslaan, maar as ons volgens Jesus se plan bou, en ons oë op Hom gerig hou, kan die storms maar kom en ons sal veilig onder Sy vleuels wees. Die hewige storms sal verby trek en die son sal weer skyn. Die voëls sal begin sing, en die lewe sal weer vars en nuut wees. Dit sal 'n baie sterk Huis wees, van goeie ontwerp. As die storms kom en die Huis bombardeer, sal dit bly staan, *want dit bestaan net uit goeie materiaal en die ontwerp is goed*. Daar sal min skade aan hierdie Huis wees, en ons sal almal veilig wees. Net soos wat Vader baie spesifiek was omtrent die ontwerp en materiale waarmee Noag die Ark moes bou, so het Jesus ook 'n plan en ontwerp waarmee Hy Sy Huis wil bou. En Sy plan is nie, in die Nuwe Ooreenkoms, 'n heilige man wat 'n praatjie gee in 'n “op-bywoning-gebaseerde” organisasie van ongekonnekteerde mense nie. Dit is NOU 'n “honderd moeders, broers, susters” – diep, daaglikse, ineengeweepte, “van die kleinste tot die grootse” verhoudings van Lig-liefhebbers.

Dit is die goeie nuus van die Koninkryk van Jesus. “My Vader het 'n groot ywer dat Sy Huis gebou moet word”. Die Vader begeer dat

ons die Huis op Sy manier moet bou. In baie lande en stede is dit baie min dat die huis gebou word soos Jesus dit gebou wil hê. In omtrent elke “kerk” in amper elke land, is daar mense wat bymekaar kom met rituele en tradisies en dan loop hul hul afsonderlike paaie en lewe hulle eie lewe, net soos wat hulle wil. Miskien sondig hulle vrylik, of miskien probeer hul om dit nie te doen nie. Maar dit is nie 'n huis nie, omdat hul nie daagliks saam 'n Familie is nie.

Dit is alleenlik wanneer al die stene aanmekaar kleef, deur die gom van praktiese liefde en kwesbaarheid, en volgens God se ontwerp, dat dit 'n plek sal kan wees wat Hy 'n huis sal kan noem. Al is jy 'n mooi, goeie lewende steen en probeer om 'n heilige lewe te lei, is jy net een steen. As ek hierdie steen op die grond sou sit, sal dit nog steeds nie 'n Huis vir Jesus wees nie. Hy wil nie net enkele stene hê om in die veld uit te sit nie. Ons moet onself elke dag aanspreek om een te wees met ander stene, daagliks in die doel van God se wil vir Sy Huis, as ons “opstaan, as ons gaan sit, en soos wat ons op die pad aanbeweeg”. In 'n eenheid. Byvoorbeeld: Om die wasgoed saam te was en saam inkopies te doen. Laat ons alles wat ons doen, saam doen, sodat ons een Familie kan wees, in plaas van 'n paar Families, wat losstaande van mekaar is.

Dit is in hierdie “niksbeduidende” omstandighede van die daaglikse lewe, dat ons ons Hoop, Geloof en Liefde saamvoeg. Hierdie daaglikse take, wat saamgeleef word as 'n Familie, is die “vensters van die siel”, wat ons toelaat om mekeer werklik in die water van die Woord te “was”, eerder as 'n nagmaakte godsdienste wat die “bywoning” van godsdienstige seremonies en saam-sing en “heilige man” preke, behels. Jesus bou niks anders as 'n Familie nie.

Jesus het gesê, as jy in opregtheid My wil gehoorsaam, sal jy baie vaders, moeders, broers, susters hê - nie baie bure nie, maar baie digby familie-lede. Dit is die wil van God. Dit is die leringe van Jesus Christus - dat Hy Sy Huis met goeie materiaal bou. Slegte materiaal is nie welkom as hulle nie verander as hul Jesus se woorde hoor nie.

Bou Om Sterk Te Wees

Die moed om te verander

Ná tien jaar van Christenskap, sal die meeste mense wat 'n "geestelikes"-beheerde, "op- bywoning-gebaseerde" godsdienstige lewe leef, geensins sterker wees as wat hul sou wees ná een jaar nie. Dit is nie goed nie. As ons een-jaar oue kind sou opgegroeï om tien jaar oud te wees, maar nog steeds nie sterker en wyser is as op een jaar nie, dan sou dit baie hartseer wees. As jy 'n tien-jarige kind in jou gesin sou hê wat nog steeds net so swak is as 'n een-jarige kind, of nog steeds nie beter kan loop of praat nie as 'n een-jarige kind nie – as 'n vader of 'n moeder- sou dit jou hart breek, sou dit nie?

Hoe dink jy moet ons Hemelse Vader voel, as al Sy mense "sterk en wys" en "vol van die Heilige Gees en vol wysheid" behoort te wees, "teen hierdie tyd leermeesters" en nie langer "babas", wat die werk van God doen - en tog is baie van ons nie sterker as "een-jariges" nie. Dit is 'n waarheid regoor die wêreld en dit breek Vader se hart. Geen koortjies wat ons sing, of "preke" wat ons preek, kan dit verander nie, want ons het nie op God se manier Sy Huis gebou nie.

God het Sy Huis so ontwerp dat sonde verlos en verpletter kan word. God se manier van "kerk hou", is om toe te laat dat verhoudings genees en sonde en swakhede uit die weg geruim word. Dit is die hart van God vir al Sy mense regoor die wêreld. Ons wil jul graag vertel hoe goeie mense *nou* hul potensiaal kan bereik. Ons kan die gawes in die Liggaam van Christus saam laat vorm in 'n woonplek vir God, wat gevul is met God se heerlikheid. God wil ons só gebou hê, dat ons die krag van sonde in ons daadwerklike lewe gebreek sal sien en nie langer slawe van al ons swakhede sal hoof te wees nie. God se plan is om verhoudinge te bou, om nie net altyd probleme te hê nie. God het 'n wonderlike manier om Sy huis te bou met wonderlike mense. Tot nou toe het godsdiens regdeur die wêreld God se Huis meestal verkeerd gebou, met mense as baas en "heilige" manne, "vergaderings" wat "bygewoon" word en dit as "kerk" bestempel. Ons het nie geweet hoe om te bou nie, maar nou moet ons leer hoe om dit te doen. Die Here sê "ons moet versigtig wees hoe ons bou". Daar is besondere waarhede wat nog altyd in

die Bybel was wat julle lewens gaan verander en die manier van hoe Kerk uitgedruk word sal verander, sodat ons ons Koning Jesus hoër kan lig, en só Sy droom in vervulling kan sien!

God wil Sy Huis só bou dat ons saam sterker kan wees. Hy wil Sy Huis só bou dat die poorte van die hel nie langer daarteen sal seëvier nie. Hy wil Sy Huis só bou dat verhoudings kan genees. Hy wil Sy Huis sô bou, dat Hy vrylik ons liggame, ons gedagtes en ons siele kan genees. Hy wil Sy Huis só bou, dat ons sterk en vol wysheid kan wees, sodat die Goeie Nuus van Jesus kan voortgaan, sterker as ooit tevore.

Het jy die moed om hierdie dinge aan te hoor? Sal jy die Woord van God gehoorsaam wanneer jy hierdie dinge hoor? Sal jy jou lewe verander, afgesien van wat dit jou gaan kos? As jy die moed het om in gehoorsaamheid die risiko te neem, lees dan verder.



JESUS:

Leirer en Hoof

Jesus se Leierskap

In Al Sy mense

Valse Christenskap het vir baie jare mense afgestoot. Dit het 'n paar mense geneem en hulle opgestoot, om ryk, beroemde en kragtige "leiers" van hul te maak, terwyl die meeste mense afgestoot is. In lande soos die Verenigde State, Indië, Poland, Romenië, Brasilië en regoor die wêreld, is daar Christene wat "helde" is en Christene wat "min geag" word. Dit is baie verkeerd. Jesus het vir die twaalf Apostels in Mattheus 23 gesê: "Laat niemand julle leermeester noem nie, laat niemand julle vader noem nie, laat niemand julle 'n leier noem nie, niemand julle meester noem nie, laat niemand julle 'rabbi' noem nie, laat niemand julle 'pastoor' noem nie, laat niemand julle 'dominee' noem nie, want almal van jul is broers met een Vader!" Daar is geen "helde" in Ware Christenskap nie, behalwe Jesus. Daar moet eintlik geen amptelike "base" wees wat besluite of die geld of die mense beheer nie - behalwe Jesus in en deur Sy mense tesame met die Heilige Gees.

Die Bybel verklaar in Efesiërs 4, dat, toe Jesus opgevaar het na die Hemel, Hy Sy Gees, dele van Homself oor die Liggaam van Christus, naamlik die Kerk, uitgestrooi het. Jesus het al die gawes (en Hy het

baie gawes, het Hy nie?) aan Sy mense in geheel gegee. Hy het nie al die gawes wat Hy gehad het, net oor die “pastoor” uitgestort, of net oor een spesifieke “man van God” nie. Die Skrifte sê dat Hy al Sy gawes vir Sy hele Liggaam gegee het. Die Bybel sê die Heilige Gees is uitgestort en as ‘n Gawe gegee, soos wat die Gees wil, oor die hele Kerk. As jy waarlik ‘n Christen is, as jy waarlik jou lewe afgelê het vir Jesus, dan sal die Heilige Gees vir *jou* ‘n spesiale gawe gee.

En jou gawe is ‘n deel van Jesus. Daar is verskillende gawes gelys in die Bybel. Die Heilige Gees byvoorbeeld, gee vir ons die gawe van barmhartigheid. Die gawe van barmhartigheid, is ‘n deel van Jesus wat Hy aan sommige mense gee. Dit is ‘n bo-natuurlike gawe. Almal van ons is veronderstel om barmhartigheid te hê, is dit nie so nie? Daar is egter ‘n bo-natuurlike barmhartigheid wat alleenlik van die Heilige Gees kom. En aangesien alle outoriteit aan Jesus behoort en elke gawe wat ons het, ‘n deel van Jesus is, dan onderwerp ons ons aan dié gawe wat Jesus in elkeen van ons belê het.

Op hierdie manier is leierskap binne-in alle kinders van God. Die Bybel noem ons ‘n Koninkryk van priesters. Die Bybel sê nie ‘n Koninkryk met priesters nie, maar ‘n Koninkryk van priesters. Daar is nie net ‘n spesiale groep, soos die Levitiese priesters in die Ou Testament nie. In die Nuwe Verbond, is al God se mense veronderstel om priesters te wees, die een vir die ander. God se bedoeling is nie een spesiale, heilige man wat dienste hou nie. Die Bybel sê dat Jesus opgevaar het en Sy gawes aan *al* Sy mense gegee het. Hy het ‘n *Koninkryk* van priesters geskep. Hy het ‘n deel van Homself in elkeen van Sy mense gevestig, wat hul tot Hom bekeer het, oud en jonk. Dit is hoekom ons mekaar se gawes nodig het. Ons het *al* Jesus se gawes nodig. Daar is honderde gawes omdat ALLES van Jesus op Sy Familie uitgestrooi is. Dit is hoekom Jesus sê ons moet broers onder broers wees. Ons het nie meer een man en een gawe wat voor ons staan nodig nie. Ons moet dit nie meer toelaat nie. Al Sy waarlik bekeerdes, in wie die Gees woon, wat toegewyd in daaglikse Lewe met mekaar lewe en waarneembaar Syne is (Heb. 3:12-14) - ALMAL is Priesters!

Daar is nie ‘n spesiale outoriteit wat net tot een “man van God” beperk is en al die ander moet net sit en toekyk nie. Weens die wyse waarop mense oor die laaste 1800+ jare die kerk gebou het, het ons voorgegee asof daar net een gawe is - die gawe van die “pastoor” (of miskien het al die ander gawes van “geld te gee”). Maar die pastoor/herder is maar net een gawe! As ons verkeerd bou, dan verloor almal. As een man vorentoe gestoot word, om alleen die “pastoor” te wees, en al die ander sit net altyd en luister, dan sal niemand in jou gawe kan deel nie; hul kry net van die “pastoor” se gawe. Dit is hopeloos te klein en korrupteerbaar! As ons die grootheid van God wil sien en wil sien hoe ons kinders se lewens verander, sowel as ons eie lewens, dan het ons ALLES van Jesus nodig. Die gawes wat elkeen van ons broers en susters het, is ‘n deel van Jesus. Selfs die kinders het gawes wat ‘n deel van Jesus is! Ons het al daardie gawes nodig in ons lewens. Ons is almal broers en susters. God se hart is dat die gawe wat jy het aan my gegee sal word en die gawe wat ek het aan jou gegee sal word. Ons moet nie tevrede wees met net een deel van Jesus nie. Amen?

Kan jy nou sien hoekom ons sê jy sal moet dapper wees? Dinge moet verander! Jy kan nie maar net aangaan met dit waarmee jy besig is nie. Jy sal moet besluit om jou gawes meer te gebruik en ook om ander vrylik toe te laat om dit te doen. Jy sal moet besluit om moed bymekaar te skraap en om gehoorsaam te wees. As jy besluit om op die vloer of op jou stoel te bly sit, en nie jou gawes meer te gebruik as van te vore nie, sal jou gawe aanhou om al meer en meer weg te kwyn. “Hy, aan wie ‘n gawe of vertrouwe gegee is, moet getrou wees daarin.” Onthou julle wat met die man gebeur het wat sy talent begrawe het? Jesus het gesê: “Jou slegte, lui dienskneg”. Dit is wat Jesus van ons sê as ons nie doen wat ons veronderstel is om te doen nie. As ons nie ons gawes gebruik nie, is ons sleg en lui.

Wat sou gebeur as jy ‘n Olimpiese atleet is en iemand bind jou met ‘n lyn aan jou hande en voete vas op ‘n bed? Al is jy ‘n kampioen-atleet, as jy vasgebind op die bed bly lê, sal dit vir jou niks beteken nie, jou spiere sal krimp en jy sal uiteindelik sterf. Jy sal al jou potensiaal verloor as jy maande of selfs jare, so vasgebind sal word. Kan julle sien hoe die tradisies van mense die Woord van God kan

berooft? Die manier waarop ons in die laaste 1800 jaar in God se Huis gebou het, het meeste van God se mense aan hulle beddens vasgebind. Hulle was nie by magte om op te staan en te hardloop en hul eintlike doel te bereik nie, omdat mense verkeerd gebou het en nie die Woord van God gevolg het nie. As ons die Kerk só bou of struktureer om een mens of die ‘personeel’ te vereer en die ander gawes te verwaarloos, dan is ons kriminele in die Hemelse Howe, as gevolg van die skade en verlies wat baie van ons sal ly weens “suurdeeg in die baksel” en gebruike Gawes .

Dit is gewoonlik nie omdat mense “sleg” is dat ons verkeerd gebou het nie. Dit is meestal omdat ons net nie geweet hoe om God se Huis volgens Sy ontwerp te bou nie. Vir 1800 jaar, was die Christen-wêreld se mense verward oor wie is ‘n Christen ... wie is leier ... hoe moet ons ons daaglikse lewe lei... en hoe moet by-eenkomste eintlik wees. Ons Vader wil al hierdie dinge nou in julle lewens herstel. Net soos die Woord van God in die dae van koning Josia verwaarloos is en die waarheid begrawe was tussen die puin van mensgemaakte koninkryke en tradisies, so kan God se Waarhede, so lank ge-ignoreer (al was hulle nog altyd in die Bybel), mense vandag nog vrymaak. God sal jou lewe wonderbaarlik verander en die gevolg sal wees dat elkeen rondom jou ook verander sal word. Dit is kragtige en kosbare waarhede. Of daar net ‘n paar of baie mense in jou stad of dorp is, “God word nie beperk deur die redding van baie of min nie”, soos Jonatan, Dawid se vriend gesê het: “Hy, aan wie vertrouwe geskenk is, moet bewys dat hy getrou is”. Ons moet die moed hê om iets te doen aan die Waarheid wat ons ge-ignoreer het of ongehoorsaam aan was in die verlede, en Hyself sal ons Herder wees, ons Vesting en ons Beskermer, as ons onverskrokke vir Hom leef.

Jesus se Leierskap

Samuel teenoor Saul

Natuurlik is daar Gawes en verskillende tiepe leierskap in die Liggaam van Christus (Efes. 4; Rom.12; 1.Kor.12; 1.Tim.3; Tit.1). Efesiërs 4 praat nie net van volwassenheid en diepte van

verhoudings mootlik in die Liggaam van Christus nie, maar ook van die werktuie nodig om daardie doel te bereik:

“En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus, totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot ‘n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus; sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring; maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus, uit wie die hele liggaam--goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate--die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde.” (Efesiërs 4:11-16)

Sonder hierdie Begaafde leierskap (apostels, profete, evangeliste, herders en leraars), sal ons voortgaan om “heen en weer” geslinger te word”, en sal ons nooit ten volle “verbindheid en saamgeweefdheid” ervaar nie. Dit is egter baie anders as wat normaalweg in die kerk-wêreld gebeur. ‘n “Offisiële dit of dat” is NIE God se manier van doen nie. **En JA, dit MAAK SAAK!** Titels is verbode deur Jesus Self. Hierdie is opsig self ‘n toets van outentiteit van God se manier van leierskap teenoor mens se leierskap.

In lande regoor die wêreld, het ons almal ‘n groot fout gemaak ten opsigte van leierskap in die Kerk. In baie plekke waar ‘n persoon die Bybel bestudeer in Bybelskole of in seminare, of ‘n goeie besigheidsman of spreker is, word hy die leier of die “pastoor”. Ons het opgemerk dat in Indië en ander lande, ‘n persoon wat ‘n fiets besit of kan lees, gekies word as leier. Dit is nie God se manier van doen nie. God se leierskap is nie gebaseer op ‘n persoon wat kan lees, die meeste kennis het of wat welsprekend is nie. Ook nie op die persoon met die beste besigheids-ondervinding, wat die rykste is, geleerdheid of sjarme of ‘n goeie voorkoms het, of ‘n fiets besit nie.

Laat ek aan julle twee baie verskillende soorte leiers beskryf. Een is 'n leier van die hart, gebore uit 'n huidige verhouding met God. Die ander is 'n leier deur posisie, miskien met 'n titel en wie miskien die offisiële “hoofpersoon” is, die offisiële baas. Jesus sê dat *'n leier nie deur posisie een moet wees nie*. Die leiers in die kerk moet diegene wees wat VANDAG ná aan God lewe. As 'n broer of suster nie vandag ná aan God leef nie, is hy/sy glad nie veel van 'n leier nie. As 'n persoon dalk die vorige week nie so ná aan God gewandel het nie, maar berou het oor sonde in sy lewe en God se stem nou beter kan hoor, is hy meer van 'n leier dié week as verlede week. “Om 'n leier te wees”, word gebore uit 'n verhouding met God en met God se mense. Leierskap is nie volgens 'n betrekking of 'n titel nie. Ons het verskeie leiers in die stad waar ons woon, maar ons het nie “offisiere” nie. 'n Leier in hierdie week, is nie altyd 'n leier volgende week nie. Jesus het gesê dat alle outoriteit, in die Hemel en op die aarde aan HOM behoort. Dit is nog steeds die waarheid. So, hoe meer ons die stem van Jesus, aan wie alle outoriteit behoort, kan hoor, hoe meer outoriteit het 'n mens - net soveel as wat hy Jesus se stem kan hoor. Dis al. “ALLE outoriteit in die Hemel en op aarde” behoort aan Jesus, het Jesus gesê. 'n Persoon wat nie vir Jesus ken of Hom gehoorsaam is nie, is net 'n “skynhoof”. Hierdie persoon mag gehoorsaam word net sover as wat 'n mens se gewete dit toelaat, as hulle 'n “posisie” het, maar is net 'n “leier” sover as wat hy die Hoof, Jesus, ken, liefhet en gehoorsaam is.

Daar is daadwerklik 'n voorbeeld in die Bybel van hierdie twee verskillende leiers. Samuel en Saul was beide leiers van God se mense, die Israeliete. Samuel was 'n man van God wat invloed gehad het op die volk, omdat hy God geken het. Samuel het baie van die kwaliteite van 'n koning in Israel gehad, maar Samuel was nie 'n koning nie! Saul was egter 'n koning genoem. Israel wou 'n koning hê - hulle wou een man hê as baas. Hul wou iemand in die plek van Samuel hê en hul wou 'n “koning” hê, soos al die nasies rondom hulle! Op 'n sekere manier lyk dit asof die leierskap dieselfde is, maar Samuel het nie 'n “posisie” van outoriteit gehad nie. Samuel het uit sy verhouding met God gefunksioneer, en Saul het uit sy status/amp gefunksioneer. Samuel het geen amp, sekretaris, of salaris gehad nie. Hy was nie in 'n “staf-posisie” as koning nie.

Samuel was net 'n man van God wat deur die volk soveel as koning gerespekteer was, maar hy het geen amp of posisie gehad nie. Hy was nie 'n koning nie. Hy was nie 'n “pastoor” nie. Hy het net vir God liefgehad met sy hele hart. En omdat hy God se stem kon hoor, het hy invloed gehad. *Hy het geen posisie gehad nie...maar hy het invloed gehad*. As 'n man waarlik God ken, sal hy God se mense help. As hy deur God geroep is, sal hy ander mense tot hulp wees. Ek sê dit weer: 'n Ware man van God het geen posisie nie... hy het invloed. Hoofstuk 29 van Job, gee 'n beskrywing van 'n man wat deur God en mens gerespekteer word en deur satan gevrees en gehaat word. Só 'n man het geen status, titel of salaris nodig nie. As jy soos Jesus is, sal jy geen “mag” nodig hê nie.

Met betrekking tot Ouderlinge en Diakens, sal julle in die Skrif vind dat: 1) Die kwalifikasies word selde nagekom in ons tyd (sien 1 Tim.3 en Tit.1), en 'n man moet nooit as 'n herder/ oorsieners/ ouderling of 'n diaken/dienskneg beskou word nie, sonder om Bybelse kwalifikasies na te kom nie, vanselfsprekend. 2) In die Bybel is ouderlinge nooit aangestel deur 'n gemeente of 'n stem nie, nooit nie. 3) Ouderlinge is nooit aangestel in die vroeë stadium van 'n Kerk se lewe saam nie, maar net nadat mans hulself bewys het dat hulle alreeds as herders en leraars en vaders (1. Joh. 2:13) in God se Familie funksioneer. Paulus sou 'n nuwe groep Gelowiges sonder oorsieners los en sou dan terugkom en dié aanstel wat alreeds uit liefde, gawe en volwassenheid herders *was*. Daar was geen “ouderlinge” in Jerusalem vir waarskynlik 'n dekade nadat die kerk daar begin het. In die Skrif is ouderlinge/herders/oorsieners en diensknegte/diakens nie 'n “kerklik geïnstitueerde amp” nie, soos wat dit vandag baie die geval is nie.

As ek 'n voorbeeld mag noem: As ek 'n skrynwerker is, dan maak ek dinge uit hout. As ek 'n messelaar is, dan maak ek iets met stene. Enigiets wat ek met stene maak, is die bewys dat ek 'n messelaar is. Enigiets wat ek uit hout maak, is die bewys dat ek 'n skrynwerker is. Die woord “pastoor”(eintlik 'n slegte vertaling), soos dit in die Bybel verstaan word, verwys na 'n gawe van *herder*, wat daagliks besig is om onder God se mense te werk, tesame met die ander gawes - nie 'n “baas” of persoon wat in 'n vergadering 'n toespraak lewer nie.

Waar is die bewys dat ek 'n "pastoor" of 'n herder is? Die bewys is dat ek God se mense liefhet! Ek help hulle, ongeag tyd, dag of nag. Ek het nie 'n amp nodig nie. Ek het nie 'n titel nodig nie. Ek het nie nodig om "baas" te wees nie. Ek het net God se mense met die gawes wat ek het lief, en ek help hulle. Die bewys dat ek 'n skrynwerker is, is die stoel wat ek gemaak het. Die bewys dat ek 'n pastoor of herder is, is die feit dat ek God se mense elke dag voed, en hul nader na Jesus toe lei. As ek sien dat een van God se mense honger is, moet dit my hart breek. As ek sien dat een van God se mense in die moeilikheid is, of in gevaar verkeer, moet die herders-hart in my na hul uitreik om hul te beskerm. Dit is die bewys dat ek deur God gesalf is om 'n pastoor te wees. Ek het nie 'n kenteken nodig nie. Ek het nie 'n sertifikaat of 'n diploma van 'n Bybelskool nodig nie. Ek het 'n hart nodig om met liefde God se werk te doen, sodoende sal ek bonatuurlike vrug dra in enige area waarin Hy my Sy gawes gegee het.

Is jy 'n skrynwerker? Maak dan stoele. Het jy die gawe van 'n herder? Wees dan lief vir mense - voed hulle, beskerm hulle en help hulle. Dit is waar vir *enige* gawe! Die bewys van enige gawe, is in die *vrug* wat dit dra.

Die teenoorgestelde van dit alles is ook natuurlik waar. Dit is 'n verstommende feit dat heidene, wat in wetenskap, medisyne en industrie spesialiseer, eintlik eis dat hulle wat opinies gee, wat kritiseer en self aangestelde "deskundiges" is, wat dink hul het sekere vrug in hul eie lewe om te wys, demonstreer dat hul die reg het om deur "hoëpriesterskap" ander te vermaan en te veroordeel. In die godsdienstige wêreld, is dit verbasend, dat daar baie minder integriteit is, as wat selfs deur die heidene getoon word. In godsdiens is mense egter dikwels baie meer blind en partydig. Kritiek, bedrewenheid, veroordelings en selfs verhoudings-sabotasje en laster, vloei maklik uit hulle wat vreeslike vrug in hul lewe, in hul families en gemeentes uitdra. Dit is heeltemal verstommend, maar tog waar, as noukeurig en versigtig na mense se godsdiens gekyk word. 'n Persoon wat dinge doen soos lieg of laster of soos 'n bedrewe ingenieur optree, of besigheid bedryf, kan eintlik in gevangenskap sit, maar in godsdiens kan hul maklik onder dié wat vreesbevange of na-ief is, 'n klompie mense bymekaar maak en hulle kan maklik

geforseer of afgepers of gevlei word om hulle te onderwerp aan die sogenaamde "deskundiges". Dis eienaardig, maar tog die waarheid. Dit gebeur gereeld, want dit is hoe verkeerde heerskappye hulle aantal lidmate hou. Vrees, vleiery, skinder, insinuasies, laster of emosionele afpersing. Geen wonder Jesus het nie so goed gedoen in die godsdienstig-aanvaarbare wêreld in Sy dag nie. Ons kan van Hom leer en Sy woord omhels en uitkyk na die Vrug, en nie na hoorsê met programme en verskuilde geraamtes, begrotings en ego's wat beskerm moet word nie.

Wel, nou het julle die idee:)

Jesus se Leierskap

In die Byeenkomste

Nog 'n ding waarin ons die vrymoedigheid moet neem om te verander, is om byeenkomste te hou, soos wat die Bybel vir ons in 1 Kor. 14, beskryf. "Wanneer julle saamkom, broeders, en die hele gemeente is bymekaar, sorg dan dat alles tot opbou van die Liggaam verloop. Elkeen van julle het 'n onderwysing, 'n lied, 'n openbaring." As ons op hierdie manier leef, sal selfs die ongelowige op sy aangesig val en uitroep: "God is in julle midde!"

Daar is geen meester, behalwe Jesus nie! "Laat geen mens leier, meester, onderwyser of pastoor genoem word nie. Julle is almal broers." Julle het almal Jesus en Hy is gelyk in elkeen van ons. Verseker sal daar verskillende vlakke van rypheid wees en sommige gawes is meer "openlik" terwyl ander gawes minder hoorbaar en sigbaar in die openbaar is. Almal is egter beskikbaar en het 'n geleentheid. Soms het ons die genade van Jesus nodig en soms het ons die leringe van Jesus nodig. Soms het ons die liedere en soms die hulp van Jesus nodig om probleme op te los. Maar dit alles gelykop is Jesus. Gaan lees asseblief 1 Kor.14: 26-40. Niemand is in beheer nie, behalwe Jesus self.


Ons kom bymekaar nadat "ons oorweeg het hoe ons mekaar kan aanspoor tot liefde en goeie werke" (Heb. 10: 24-26). Ons moet

daaraan dink en daaroor bid; hoe om ander te kan help as ons bymekaar kom, en elkeen van ons moet verantwoordelikheid neem om 'n draer te wees van die Woord van God en die Liefde van God. Daar word nie "outomaties" van 'n "spesiale persoon" verwag om iets te doen nie - behalwe om te luister en te reageer op God, soos enige ander persoon.

As iemand 'n lering van Jesus bring, en iemand anders 'n opdrag, of 'n lied, of 'n openbaring; as hierdie broer of suster iets deel wat Jesus hom/haar gewys het en 'n openbaring kom deur 'n tweede persoon, moet die eerste een "sit" – as ons wel op God se opdrag reageer, eerder as volgens menslike tradisies. Die Bybel het nog altyd verklaar: "Wanneer 'n openbaring deur 'n tweede persoon kom, MOET DIE EERSTE EEN GAAN SIT!" Dit is wat in 1 Kor. 14:30 geskryf staan. Dit is glad nie gewild by hulle wat daarvan hou om "eerste te wees" en in beheer te wees en gesien te word as die "mees geestelike" en dan die geld van die Heiliges neem nie. Ons het 'n las van tradisies ge-erf van die rooms katolieke en van ons "protestante" en "sektariese" en heidense voorvaders. Die "priester" of "pastoor" of seremoniemeester of uitvoerende hoof is heel voor, en hy spreek tot die "minderwaardige" leke - al die arm mense, die hele gehoor - hulle wat net sit en luister. Dit is waarskynlik die gewoonte en die "leerstelling" wat Jesus gehaat het - dié van die Nikolaete (vertaal as dié wat "Sy mense verower"). GOD het egter gesê, dit moet nou verander, ter wille van Homself en ons.

Gesien vanuit 'n praktiese standpunt, wil ek aan julle voorstel, indien ons regtig die gawes wat in elkeen van ons is, wil respekteer, dan het ons nodig om baie dinge te verander. So eenvoudig soos wat dit mag klink, is een van dié dinge hoe ons sit as ons bymekaar kom. Toe Jesus op die aarde was, het Hy 'n kring van mense om Hom gehad. "Aan hulle wat in die kring romdom Hom gesit het - hulle is My moeders, broers en susters" (Mark. 3). Om in 'n kring rondom Hom te sit, is dit nie die mees natuurlike ding om te doen, as ons bymekaar kom om van HOM te hoor en nie iemand met beperkte gawes nie? Dit mag baie eenvoudig vir julle klink en dalk nie eers belangrik nie, maar ek verseker julle, dit is! Ek het gehoor dat die woorde "pulpit" en "flesh" dieselfde uitgespreek word in die Franse taal!

Wanneer ons met ons gesigte na voor sit, dan is al ons aandag op een persoon gevestig. Ons is nou nie langer gelykvormiges onder mekaar nie. Ek is nou ondergeskik aan wie ook al voor my staan as my meester, of die aanbieder of die "verkeerskonstabel" of die deskundige wat die "klas" of "diens" aanbied. Wanneer ons die stoele in rye, in plaas van in 'n kring romdom Jesus sit, is dit soos om 'n soeklig op een persoon te laat val. Al die ander is net 'n deel van die gehoor en een enkele man is die aantrekkingskrag. Dit is baie verkeerd, omdat daar baie gawes onder ons is en hulle is almal deel van Jesus. As ons almal laat sit, sodat hulle vorentoe kyk, verhoog ons net een gawe. Hoe trots moet 'n man dan nie wees om altyd toe te laat dat hy in die "ereplek" en die kalklig is nie!



In die boafgebeelde model, tipies van die godsdienstige modelle in institusies en "huiskerke", is daar die een of ander blote man wat amptelik "in beheer" is, deur wie alles moet gaan. Hy open amptelik, hy sluit amptelik en leer amptelik die hoorders of "bepaal" amptelik die leringe en "aanbidding". Hy neem die besluite, beantwoord die vrae en kontroleer die "vloei." Dit is nie volgens die Bybel (1 Kor. 14:26) nie, en dra geen vrug nie. Suurdeeg in die baksel, onderdrukte gawes, en as Jesus Sy Heerskappy verloor het, is alles behalwe gewaarborg in hierdie model. Ook sal ons hierdie "metode" nie in die Bybel vind nie. Dit behoort ons te oortuig.

die betrokkenheid van al die Heiliges in wie Jesus leef. Christene, soos dit voorheen beskryf is in die brief (hoofstuk 12), wat daagliks met mekaar leef onder die heerskappy van die Here Jesus, **behoort voort te gaan om te lewe soos Priesters**, as die Kerk in een plek bymekaar kom. Almal het die geleentheid om te reageer op Jesus en Sy huidige Leierskap, soos ware Priesters, wanneer ookal die Kerk bymekaar is. Daar moet geen voorafbespreekte of dominerende godsdienstige man of vrou wees met 'n vooraf-gerepeteerde, "ingemaakte" preek of lied-vertoning nie. Hierdie model van "wanneer 'n openbaring deur 'n tweede persoon kom, laat die eerste een STILBLY" is in lyn met die ENIGSTE voorbeeld in die Nuwe Testament van die Hoofwees van Jesus in 'n byeenkoms van Sy "Koninkryk van Priesters". Al die gawes wat uitgestort word op die Liggaam van Christus, die Kerk, kan ENIGE oomblik FUNKSIONEER. Die Here het gesê: "Wanneer 'n openbaring deur die tweede persoon kom, laat die eerste persoon stilbly". Daar is geen plek vir 'n persoon om beheer te hê oor wie of wat mag gebeur nie, deur dit vooraf te choreografeer vir musikale-, vermaaklikheids- of kontroleer-doeleindes nie.

In 'n Kerk waar Jesus veronderstel is om deurlopend aktief, betrokke en Lewend te wees - eerder as 'n historiese oorblyfsel wat gewaardeer en aan wie eerbied getoon word en oor wie daar geleer word - is daar Vryheid! Elkeen, in wie Yeshua lewe en daagliks funksioneer as sodanig onder die Gelowiges, het 'n verantwoordelikheid om hul Gawes aan te bied in die "Opbouing van die Liggaam". ALLES wat Jesus is, is uitgestort op Sy Liggaam in AL Sy Gawes - en enige gawe mag op enige gegewe tyd nodig wees. As 'n jong persoon noem, dat hy moeilikheid het in sy werksplek, of een van die susters erken dat sy moeilikheid ondervind met die kinders, kan die Gawes van Onderwysing, of Aanmoediging, of die Herder, of die Helper in werking tree, soos wat "Openbaring na 'n tweede toe kom". Dit is die enigste "Prentjie" van 'n tyd wanneer die "hele Kerk bymekaar is" in die Bybel. In hierdie "prentjie" word Jesus toegelaat om die LEWENDE Hoof van Sy eie Kerk te wees, eerder as 'n mensgemaakte organisasie, wat deur blote mense beheer word.

Elke persoon, by wie die Lewende Christus inwoon, moet Vry wees om te beweeg en gebruik te word deur Jesus in antwoord op wat huidiglik besig is om te gebeur. DIT alleen is die Liggaam van Christus. "Byeenkomste" moet dan net die oorfloei wees van wat alreeds besig is om elke dag te gebeur in daaglikse "van huis tot huis" Bymekaar-lewe in Jesus. Daar moet 'n plek wees waar JESUS kan regeer en lei deur Sy MENSE en Sy GAWES, TE ALLE TYE, in huise asook sogenaamde "byeenkomste". Mense sal probeer om dit na te boots met sogenaamde "bedienings tye", maar eintlik bly hul nog self in beheer. Moenie enige namaaksel aanvaar nie: laat JESUS in plaas daarvan deur al Sy Gawes en Mense leef.



Sy begeerte van 'n "Koninkryk van Priesters" - met Jesus as die ware hoof van Sy Liggaam - is hier ons onderwerp. En natuurlik gaan hierdie bespreking nie omtrent die een of ander kinderlike of onbybelse lering of "amateur uurtjie" en elkeen kry 'n "kans om te praat" en 'n opinie te gee" of elkeen is "veronderstel om iets te sê" nie, en. "as jy verlede week langer as vyf minute gepraat het, kan jy nie hierdie week weer praat nie". Nee, Sy Kerk is verseker nie 'n "demokrasie" nie. Sy Kerk is veronderstel om 'n Teokrasie te wees, waar die SALWING en GAWES en Sy HUIDIGE GEDAGTE beheer neem oor interaksies in verrassende en altyd veranderende, onbeplande wyses. Partykeer (onbeplan) mag 'n persoon dalk vir 'n lang tydperk op God se leiding reageer op 'n luide manier. Maar dit word nooit van hom "verwag" om dit altyd te doen nie.

Dit gaan hier egter nie om "n verpligting tot spontaniteit" nie (alhoewel Jesus in Matt. 10:20 'n hoë waarde geplaas het daarop om die Vader te vertrou, dat Hy sal voorsien **uit die oorloop**, eerder as iets vooraf deurdenk EN ingemaak (let op die woord "en" :)). Met "ingemaak" bedoel ek "iets wat nie op 'n LEWENDE God antwoord nie." Nogtans, in die konteks van Heb. 10:25 – is daar Heb.10:24! "OORWEEG" hoe om mekaar aan te spoor wanneer al die Heiliges bymekaar is. In 1 Kor. 14 is dit duidelik dat almal'n lied of 'n woord van instruksie bereid het, uit die **oorloop** van hulle harte en lewens. Almal is buigsaam genoeg om "aan te pas" by wat HUIDIGLIK gebeur, wanneer die Heiliges bymekaar is en dinge Gebeur, in beide die "wanneer" iets gesê moet word en die presiese inhoud van wat gesê moet word. So, voorbereiding is 'n GOEIE ding, terwyl die buigsaamheid van 'wat' of 'wanneer' of 'wie' of 'moet' iets gesê word? bevelend is, as Jesus Hoof is. Wanneer die Heiliges bymekaar is, moet hulle BUIGSAAM wees, eerder as 'n bevelende "spontaniteit." Of dit Donderdag of Vrydag of enige ander tyd is, in 'n sitkamer of in 'n groot stadium, of die tyd vyf dae van te vore of 20 minute vooraf beplan was, as ons in die LEWE voorberei is, IS die realiteit van wat Jesus wil sê of doen ons primêre voorbereiding vir ENIGE tyd wat ons met ander Heiliges bymekaar is, of dit op 'n tennis- of 'n basketbalbaan is, of gedurende 'n kriekettoets. :) En dit is ook waar vir wanneer al die Heiliges 'n klein "waarskuwingtjie" gehad het dat hulle bymekaar gaan kom. So! Dit gaan nie so veel om "spontaniteit"

as 'n OORLOOP" van wat God *in ons doen*, eerder as om "n les voor te berei" sodat ons dit kan "deel" nie. Noudat ons in "oorloop-modus" is, kan ons beslis 'n paar gedagtes en Skrifplekke neerskryf, as dit ons help om "duidelik te proklameer soos wat ons behoort" (soos Paulus gesê het). Maar, om "n boodskap voor te berei om dit te deel" (veral as ONS die persoon is van wie daar verwag word om dit te doen, en daardeur die Priesters van hulle verantwoordelikheid en geleentheid beroof) is fundamenteel (en in motief) anders as "voorbereide lewens" en "iets deel wat Hy REGTIG in ons doen", wanneer ons uitgedaag word deur WERKLIKE situasies wat ontstaan wanneer ons bymekaar is, in 'n sitkamer of in die tuin of saam gedurende inkopies met van die Heiliges. Maak dit sin? As julle bymekaar kom omdat 'n spesifieke persoon iets spesifiek het waarvoor hy met almal wil praat, dan is dit nie 'n probleem nie, solank dit buigsaam in onderwerp, "timing" en verandering van rigting bly – in antwoord op dit waarmee Jesus julle op daardie Tydstip mee wil verras. :)

Daar is vryheid en gehoorsaamheid in Sy manier van doen soos in 1 Kor.14. Onthou egter, dat Paulus ook moontlike misbruike aanspreek in hierdie hoofstuk, aangesien mense leierskap ignoreer en deur die "vryheid" wat hul besit, kanse vat, óf deur hul ambisies of emosies, óf deur die tekortkominge van wysheid. Daar moet onthou word dat die totale konteks van 1 Kor. 14, ook hoofstukke 10 tot 13 insluit, waar dit God se Hart is, dat Sy mense as "een Brood" leef, die Liggaam kan onderskei en DAAGLIKS hulle in-eengestremelde lewens uitleef, net soos die hand met die vingers en gewrig in een gestremel is. In hierdie konteks van Bybelse LEWE in die Kerk, kan 1 Kor. 14 ook gehoorsaam word. "As die openbaring deur 'n tweede persoon kom, laat die eerste een SWYG." Geen "vertoon" en "heilige persoon", wat die vertoning lei nie. "Hy is dieselfde, gister, vandag en vir ewig!" Vrees, hebsug, krag en ambisie van 'n paar mense mag nie Sy mense beroof van hul Erfenis nie. Jesus LEWE en Hy werk en SPREEK deur Sy Gawes "soos Hy wil", as ons waarlik Sy Liggaam is, eerder as om seremonies te hou op 'n "heilige dag".

Ja, daar mag "opsieners" wees wat dien en hulp vergemaklik. En ja, daar sal tye wees vir "proklamasies" aan on-Gelowiges in

die openbaar, soos wat Paulus in sekere omstandighede gedoen het, soos opgeteken in die boek van Handeling. Tog, nie soos vandag nie, selfs in die tye van “verkondigings”, was daar “tweegesprekke/dialog” (die Griekse woord van wat in Troas gebeur het) - nie ’n ononderbreekbare “alleenspraak/monoloog” nie. Hierdie verkondiging-tipe van situasie met die ongelowiges in Efese of Athene moet nie verwar word met die tye wanneer die “hele Kerk bymekaar” was nie. (Daar sal egter definitief baie keerl on-Gelowiges teenwoordig wees, wanneer die Familie van God bymekaar is - 1 Kor. 14.) Tye wanneer die plaaslike Liggaam van Christus mekaar geniet, wanneer hulle bymekaar is, is baie duidelik anders as wanneer ’n mens “op die straat preek” teenoor ’n versamelde massa van on-Gelowiges. Paulus het byvoorbeeld ’n heidense “skool” as doel gebruik om met die ongelowiges te praat oor Jesus (Hand. 19:8-10), Sy Woord te versprei aan “elkeen in die Provinsie van Asie”. Dit is natuurlik verskillend van wanneer die Kerk, die Verlostes, bymekaar kom, soos in 1 Kor. 12-14 of Hand. 20, waar Paulus ’n “tweegesprek/dialog” (soos in die Grieks genoem) met sy Familie tot vroeg-oggend in ’n informele omgewing gehad het.

Jesus begeer om Sy Kerk só te bou, dat die poorte van hel nie langer daarvoor heers nie! “DIT is HOE almal sal weet dat julle MY Dissipels is”. Hy wil graag hê dat ONS almal saam ’n woonplek vir Hom sal wees - daaglik, ineengestrengel, “saamgevoeg” en om saam te “stry soos Een Man in die Geloof.” En DAN, in hierdie *daaglikse* intimiteit van ’n “moeder, broer suster” kwaliteit lewe, wat deur Jesus self voorgeskryf is, sal al Sy Mense (vanaf die oorfloei van “daaglikse” totale ineengestrengelde lewens, volgens Hand. 2:42-47, 1 Kor. 12-13) deur die Heilige Gees van God gebruik KAN word, te enige tyd. Dit is eintlik baie eenvoudig. :) NET soos wat Hy hier saam met ons in ’n fisiese liggaam gelewe het, het JESUS nog steeds die “sê”. As ons Sy Heilige Gees nie stuit met menslike planne en kerkvoogde en hirargieë en godsdienplanne en tradisies en “showman-skap” en onafhanklike wêreldse leefwyses nie, dan is Hy vry om Homself en Sy Gawes uit te druk en uit te leef, net soos wat Hy gedoen het toe Hy in Sy fisiese liggaam was. Sy huidige Gedagte en Salwing, of dit vir ’n oomblik was of “heelnag deur”,

moet ook ons passie wees. “En as ’n openbaring deur ’n tweede persoon kom, moet die eerste een swyg”.

Jesus se Leierskap

In die Lewe

Noudat dit alles gesê is, is dit nodig om net wee eens te sê, dat NIKS van hierdie regtig belangrik is, as daar nie kwaliteit van ’n daaglikse lewe is nie, soos beskrywe in 1 Kor. 12-13 as ’n voorvereiste vir “hoofstuk 14”. Die feit is, sonder ’n daaglikse lewe volgens God se Woord, is dit ietwat “gevaarlik”. Ons kan nie eenvoudig net praat oor “byeenkomste” nie, sonder om iets baie belangriks te mis nie. Die Onderwerp is veel groter. Dit gaan oor die Dinamiese Lewe van Jesus in Sy mense! En ’n wêreldse, onGekonnekteerde, selfgesentreerde lewenswyse wat deur godsdienstige mense geleef word, is hoekom voorafgereelde bymekaarkomste, deur n heilige man gelei, ’n duidelike “beskerming” teen vreemde, sondige mense met “wilde oë”, wat “vryheid” gebruik as ’n platform vir hul ambisies. Die kwaliteit van daaglikse lewe, volgens 1 Kor. 12-13, is ’n voorvereiste en aanvaarding vir die Vryheid in 1 Kor. 14.

Ons moet die vorige “beelde” van die tye, waar die Heiliges in groot getalle bymekaar kom as ’n Priesterdom, eerder as “toeskouers”, kombineer met God se Bedoelinge (Efes. 3:10) van daaglikse Lewe soos in Hand. 2:42-47, 1 Kor. 12, Heb. 3:12-14 en ’n “HONDERD” moeders, broers en susters. Jesus het gesê dit IS die Plan. **Dit is Lewenskwaliteit waartoe Hy Sy mense groep het om saam uit te lewe, wat hier op die spel is, nie ’n “byeenkoms-formaat” nie.** Hy begeer ’n Erfenis, nie ’n “byeenkoms” of “uitruiling van kennis” of “emosionele sange” nie. Sy Hart se begeerte is vir ’n Korporatiewe Man, Luk. 9:23-27, 57-62 - ware Christenskap, van die “minste tot die grootste”, bekleed met SY Heilige Gees.

Dit gaan nie daarvoor om ietwat meer ontspanne of meer buigsaam te wees in ons eie beplande of onbeplande byeenkomste en dit dan ’n “etiket op te plak” as “gelei deur die Heilige Gees” nie. Net omdat ons nie vooruit weet wat ons gaan doen, beteken dit nie dat

dinge nou “deur die Heilige Gees gelei” word nie. Alles behalwe. Dit is GEENSINS so nie. Alhoewel, soos “Jannes en Jambres”, die namaaksels, (gesien uit ‘n wêreldse oogpunt) lyk dit tog soortgelyk aan die Ware dinge..

Die verskil tussen eenvoudige hervorming van sektariese godsdienste, teenoor die lewe in die realiteit van die opgestane, lewende Jesus... is verstommend. Om op ‘n kreatiewe manier “byeenkomste” en “strukture” (in ‘n godsdienstige fasiliteit, of in ‘n “huis”) te verander is nie regtig belangrik nie, in vergelyking met die Geleentheid wat Hy vir ons vandag gee. Hy roep ons nie vir ‘n “nuwe en verbeterde” struktuur nie. Nee, Hy roep ons vir ‘n daaglikse verhouding, waar ons saam eet van die Boom van die Lewe, saam met die Gesalfde Een! - O JA, dit *sal* ons “byeenkomste” verander - maar dit is die Vrug, nie die doel nie. Om net oor te skakel na nuwe, verbeterde leerstellings, tegnieke, bymekaarkom-bewegings, of hoe na aan mekaar mense lewe, die on-Bybelse “eenvoudige skatkis” of enige hoeveelheid van nuwe volksmaniere, beteken in der waarheid niks nie. Wat ons wel nastreef (as ons begeer wat Hy begeer!) is ‘n Omgewing waarin JESUS kan woon en rondgaan (Open. 1-2), ongehinderd, as die Lewende, Regerende KONING. Dit alleenlik is die ZOE LEWE (soos Jesus dit noem). BO-natuurlike, Hemelse Lewe, met ‘n Onvernietigbare en Ewige natuur, ‘n alles-omvattende Werklikheid van ‘n onsienbare Realm van Krag en Getrouheid en Liefde en Lewe. Jesus het hierdie “Lewe tot volheid” gebring; “Riviere van Lewende Water” Lewe vir Sy mense vanuit ‘n ander demensie; ‘n Heelal wat nie met die menslike oog en in aardse frekwensies gesien kan word nie.

Om gesamentlik in God te lewe, gaan nie oor “hoe om byeenkomste te hou” nie. Wat Jesus na die aarde toe gebring het, tesame met die Engele, kan nooit so vlak en uitwendig wees, soos dit nie. “Byeenkomste” waar meer mense “deelneem” - is DIT waarvoor Jesus gesterf het? GEENSINS! Jesus het nie na hierdie aarde gekom om ons ‘n nuwe manier te leer om byeenkomste te hou, of “kerk te hou” of “die een of ander “beweging” nie. Dit is so gebrekkig in vergelyking met “**Sy bedoelings, nou deur die Kerk**” (Efes. 3:10). Hy wil die vyand openlik verneder en vernietig - en lewens

verander na die karakter en Lewe en Wysheid en Sterkte van Sy Seun. Hy is besig om “baie kinders na heerlijkheid te bring” - nie net eenvoudig tot verlossing nie. Hy is besig om Sy Kerk te bou, en die satan sal dit NIE KAN teenstaan NIE! Deur die Genade van Jesus Christus en op Sy Outoriteit neem ons ons seuns en dogters en familie en vriende terug uit die verleiding en slawerny van satan. Lewens verander. Hy het ons ‘n volkome nuwe Realm gebring om aan Sy sy te leef, - nuwe lug om in te asem, nuwe oë om te sien, nuwe ore om te hoor en nuwe harte vol meegevoel en liefde. Hierdie verskil be-invloed alles in die lewe, ook die “byeenkomste”!

Kan jy sien dat dit moed kos? Kan jy sien dat dit geloof en gehoorsaamheid kos? Kan jy sien dat dit jou lewe sal verander, as jy hierdie dinge begin lewe? Jy sal nie meer vasgemaak aan ‘n bed wees nie, want ons is ‘n Koninkryk van Priesters en moet elke dag só lewe. Die byeenkomste moet net bykomend wees. Neentig persent van ons groei kom deur saam te lewe en moontlik net 10 persent vanuit die bywoning van byeenkomste. Dit beteken jy sal uit jou huis uit moet kom, en na ander huise toe beweeg, hulle help deur water, kos of klere na hul huise toe te neem. Indien jy sou ondervind dat ‘n ouer onnodig hard is met ‘n kind, sal jy die vrymoedigheid moet hê om so ‘n ouer eenkant toe te roep, om met hom/haar te praat. As jy hoogmoed in hul lewe opmerk, moet jy jou arm om hul sit en hul vra om nie hoogmoed in hul lewens toe te laat nie. Indien jy selfsug in ‘n broer se lewe sien, sit jou arm om hom en vra hom om nie meer selfsugtig te wees nie. Ons maak nie meer ons oë toe en wag vir die volgende byeenkoms nie. Ons lewe in die middel van een in die ander se lewe in as Priesters wat die werk van God doen, soos “‘n honderd moeders, broers en susters”. Dit is ook ‘n absolute opdrag van God in Heb. 3 en baie, baie ander skrifte.

Heb. 3:12-14: “Broers, daarom moet julle oppas, dat daar tog nie by een van julle die sondige gesindheid van ongeloof kom nie, want dit beteken dat ‘n mens weier om met die lewende God iets te doen te hê. Maar julle moet mekaar elke dag help terwyl dit “Vandag” genoem word, sodat nie een van julle deur die sonde gevang word en hy hom dan teen God verhard nie. Want ons het ook ‘n aandeel in

Christus as ons tot die einde toe aan Hom vashou met die vertroue wat ons aan die begin gehad het.”

Let op wat hierdie skrif sê - dit is van God. Die Almagtige God sê aan jou en aan my dat ons elke dag mekaar moet vermaan en mekaar moet help. Ons moet daaglik met mekaar saamloop. Die Heilige Gees het gekies om te sê: “Elke dag”. Hy het nie gesê elke Sondag nie. Hy het nie eers gesê in byeenkomste nie! Hy het gesê dat ons betrokke moet raak in mekaar se lewens op ’n Waarheids vlak, elke dag. As ander dan beskikbaar en gewillig is, en jy raak nie betrokke, as gevolg van jou lewensstyl, trots, selfsug of jou keuse van situasie waarin jy lewe nie, dan sal jy al hoe harder word en sal dit later vir jou onmoontlik wees om te voel soos wat God voel. Jy sal mislei word, deur te dink jy weet wat reg is en dit is geensins so nie. Dit is wat die Skrifte uitdruklik sê! Hy het nie net gesê om dit te doen nie. Hy het gesê as jy dit *nie* doen nie, sal dit jou baie seermaak. As ek nie broers het wat elke dag met my oor my lewe praat - *elke dag* nie - sal ek hard word. Ek sal mislei word. “Maar ek lees elke dag my Bybel! Ek bid elke dag! My vrou is ’n Christen en ek sien haar daaglik!” Dis nie wat God gesê het nie. Jy kan elke dag jou Bybel lees en bid, maar as jy nie elke dag betrokke is by ander se lewens nie, sal jy al hoe meer verhard, en meer en meer mislei word. God sê dit in Heb. 3:12-14. Glo Jy die Bybel? Glo jy wat God sê?

Wie het die Bybel geskryf? God het gesê dat ons elke dag moet betrokke wees in mekaar se lewens. As jy sien ek is selfsugtig, is dit nodig dat jy na my toe moet kom en vir my moet sê dat ek nie selfsugtig moet wees nie, want selfsug bedroef Jesus. As jy sien dat ek trots is, help my asseblief en wys my daarop, want God staan trotsheid tee. Ek wil nie hê dat God my moet teenstaan nie! Jy moet my help, want ek sien dit nie altyd so in nie. Niemand kan sy eie sonde so sien nie. “Vermaan mekaar elke dag, sodat niemand verhard of mislei word nie”. Dit is ’n belangrike (en wêreldwyd amper heeltemal verontagsame) deel van ons alledaagse lewe. Dit is ’n sleutel manier van hoe jy as ’n Priester leef en jou gawes gebruik, en “as ’n ambassadeur vir Christus, asof God ander deur jou smEEK”.

As julle hierdie waarhede, wat nog altyd in julle Bybels was, begin toepas, sal julle verbaas staan hoe na aan Jesus julle sal wees, twee jaar van nou af. “Vermaan mekaar elke dag”. Wees betrokke by mekaar se kinders, huwelike en werksplekke, elke dag! Gaan net! Kom uit uit jou “gemak sone” en gaan as jy dit nog nooit tevore gedoen het nie. Ja, ek bedoel JY! :) Asseblief, doen dit vir Jesus! Spreek die Woord, “asof deur God” in ander se lewens, op ’n praktiese, liefdevolle wyse manier, elke dag! “As julle bymekaar kom broers, het *elkeen* ’n woord van lering, ’n lied, ’n openbaring”. “As die openbaring tot die tweede persoon kom, laat die eerste een swyg”. As julle hierdie pad loop, sal julle dalk uitvind dat sommige van hierdie mense, wat julle gedink het Christene is, nie so veel vir Jesus omgee soos wat julle gedink het nie. Julle sal dalk ook vind dat sommige van hulle, wat julle gedink het baie swak is, dalk sterker en wyser geword het, meer as wat julle jul dalk sou kon indink. God se manier van doen, openbaar bedrieërs en namaaksels en maak die swakke baie sterk. Loof Sy Naam!

Hierdie rykdomme word aan jou toevertrou. Beoefen dit ter wille van Jesus. Jy moet bepaal hoe en wat ’n Christen is, deur wat Jesus gesê het. Jy moet verstaan wat Leierskap beteken en wat dit rêrig behoort te wees. Lewe jul lewens elke dag saam, bemoedig die een die ander, bou die een die ander op. Help mekaar om te groei en liever vir Jesus te word, regdeur julle namiddae en aande. Kom bymekaar rondom Koning Jesus.

Die Bybel is 100% die waarheid, regdeur. Dit gaan oor Jesus en Sy navolgers. Dit gaan oor Stories, van hoe hul seergekry en hoe hul geleer het uit hul ondervindinge met God. Ons kan definitief leer uit hul stories, maar ons kan ook op dieselfde manier as hulle leer: om tesame God se aangesig te soek in ons daaglikse lewe. Op hierdie manier is ons ook “lewende briewe”. Al die lees in die wêreld sou ons nooit kon verander, soos wat ’n gesamentlike ondervinding van Lewe ons kan verander nie. Die diep dinge wat ons wil weet, kan nooit in ons hart insink deur net van papier af te lees nie. Soos wat ons dinge saam uitwerk, elke dag, leer Jesus ons die diep lesse van die lewe, soos wat ons dit nooit deur al die Bybel-studie in die wêreld kan leer nie, alhoewel hierdie waarhede in almal se Bybels

is. “Die stut en fondasie van die Waarheid is die eklesia - die Kerk”.
“Die LEWE word die Lig van die mense.”

Die lewe was nie bedoel om soos ‘n grammatika-skool te wees waar ons idees leer en dan glo aan ‘n sekere lys woorde van dinge of “geloofsbelydenisse” nie. In plaas daarvan, het God ons geroep om dieselfde manne en vroue van God te wees, soos hulle wat voor ons was - verbind aan dieselfde God wat hulle aan verbind was, baie verlief op dieselfde Jesus, as wat hulle op verlief was. Om dit te kan doen, het ons nie net nodig om te weet wat hulle geweet het nie, maar om ook te voel, presies dit wat hulle gevoel het. Om dit nou te kan voel, wat hul gevoel het, moet God ons neem op ‘n pad wat dieselfde is as wat hulle s’n was. So, ons neem die pad deur die Woord van God gesamentlik in ons lewe toe te pas. Ons loop hierdie pad met trane, met ons swakhede en ons sterktes, in liefde, die een vir die ander, en help mekaar - in slegte tye en in goeie tye - met ons oë op ons Hoop, ons Messias gerig. Ons beweeg altyd vorentoe, vertrou op God as ons Voorsiener, wat ons help as ons bymekaar bly.

As jy Jesus lief het en op die regte manier bou, sal die vyand nie langer kan heers nie. Sonde sal verpletter word. Swakhede en siektes sal genees word. Sonde sal vergewe word. Goedheid sal baie tot bekering lei. Verhoudinge sal gebou of herstel word, bokant dit wat jy in jou wildste drome vir jouself kan indink. Julle sal skitter soos sterre in die heelal, wat die goedheid van God vertoon. En die Bruid, die Kerk, sal “haarself gereed maak” en gereed wees as die Bruidegom terugkom!! Amen?

God se Voorneme..... NOU!

Ek het eenmaal ‘n dokumentêr oor Albert Einstein gekyk. In die inleiding was daar ‘n sin wat iets soos volg gelees het: “So nou en dan kom ‘n persoon te voorskyn, wat die heelal deur ander oë waarneem en dan die wêreld waarin hy woon verander”. Ons wil hierdie uitdaging aan jou rig. Wees hierdie persoon wat die wêreld nie deur ‘n natuurlike oog sien nie, maar deur ‘n Geestelike oog. Stel jouself beskikbaar om uitgedaag te word om soos een van

hierdie mense te wees, soos beskryf in Heb.11. Sien God se visie van ‘n woonplek van God deur die gees, met ‘n altyd toenemende heerlijkheid. Sien ‘n beeld in jou gedagtes, soos wat die 11de Hoofstuk van die Boek van Hebreërs sê die gelowiges gesien het. Hulle het die Stad gesien waarvan God die Bouer en die Maker was, en daarom was hulle met niks anders tevrede nie. Hulle was nie gewillig om na die ou stad terug te keer nie. Hulle het die Hemelse Plan van ‘n afstand af gesien en al kon hulle daardie stad nie met eie hande in besit neem nie, en al kon hulle nog nie in die stad leef wat God vir hul bestem het, was hulle nie gewillig om terug te gaan nie. “Daarom skaam God Hom nie vir hulle om hulle God genoem te word nie, want Hy het vir hulle ‘n stad voorberei”.

Dieselfde uitdaging is voor jou en my. Kyk ‘n bietjie rond in die wêreld waarin jy is, en veral in die “kerk” waarin jy is, en laat die ywer vir die Huis van Vader jou verteer. Laat Sy ywer jou op só ‘n wyse verteer, dat jy gewillig sal wees om alles in jou lewe te waag om dit in jou omgewing vervul te sien. Jy sou jou lewe waag. Jy sou jou familie op die spel plaas (Ps. 69:8-9). Jy sou jou werk op die spel plaas. Jy sou *enigiets* waag vir die belang van God en Sy voornemens. Dit moet ons beginpunt wees. Bybels gesproke is dit die enigste Christelikheid wat daar is. Dit is nie ‘n mees populêre gedagte of idee nie, maar Rom. 4 sê: “*Hulle wat die geloof van Abraham het, is kinders van Abraham*”.

So, wat ookal die situasie of kerk is waarin jy is, en waar jy jou ookal mag bevind (watter dorp of woonplek jy mag hê, wat jy nou jou tuiste noem), het jy nodig om baie baie versigtig te wees, dat jy nie iets aanvaar wat God nie aanvaar nie. Moenie dit aanvaar uit traagheid, verontagsaming van die Woord van God, of ‘n gebrek aan visie, of sonde in jou eie persoonlike lewe, wat jou blind gemaak het of jou só vermink het, dat jy ontoereikend voel nie. Moenie ander toelaat wat vergenoeg is, soos in Laodicéa, om jou af te pers en te bespot tot louwarmte nie.

Miskien het iemand jou laat verstaan dat jy maar net ‘n leek is en niks het om te offer nie. Miskien dink jy dat jou opinie nie saak maak nie, omdat daar só baie wyse en geleerde mense is, so, “wat

weet ek nou?” Ek wil jou graag bemoedig, wie jy ookal mag wees, jy hét iets om te offer, om aan te bied. Indien jy waarlik die Here aanroep en Hom gevra het om beheer van jou lewe te neem, dan het jy iets om te offer! As jy Hom gevra het om jou te reinig van jou sonde, het jy iets om te offer! Sy begeerte is dat van die kleinste (die minste) tot die grootste persoon Hom sou ken, en sou lewe volgens Sy raad en gemeenskap met Hom, die Hoof van alles en almal, op 'n daaglikse basis.

So nou en dan, in 'n baie lang tyd, kom iemand te voorskyn wat vrae het rakende die heelal waarin hul leef en wat dan 'n verskil maak in die wêreld rondom hom. Dit is waaroor Hebreërs gaan. Dit is wat God elkeen van ons geroep het om te wees, as ons gewillig is en die moed het en in gemeenskap is met die Hoof. As ons in Hom volhard, dan sal daar baie vrug in ons lewe wees. Jy kan dié persoon wees wat 'n verskil kan maak in die wêreld rondom jou.

Ek hoop ons het ten minste een misverstand wat die Christen samelewing ingedring het, en dit is: Om 'n Christen te word, is die einde van die storie. En dan is om 'n kerk volgens jou keuse “by te woon op Sondae”, maar net instandhouding totdat Jesus terugkom en jy na 'n groot woonhuis gaan “net aan die anderkant van die heuwel”. Ek wil hierdie gedagte in totaliteit uitroei, want dit is *nie* wat God in gedagte het nie. God noem hierdie konsep 'n vals godsdiens en Laodicéa, wat Hom naar maak.

Die voorneme van God is nou: “om deur die Kerk (die Gemeente) vir al die bose hemelse regeerders en maghebbers te wys, hoe alles-omvattend die wysheid van God se ewige plan is...” Efes. 3:10.

Dit is NOU God se voorneme. Sy wil is om Sy vermenigvuldigde wysheid **deur die Kerk** bekend te maak. Nie net deur enkelinge wat gered is nie, ook nie deur magtelose groepe mense, wat luister na spesifieke toesprake op 'n spesifieke dag van die week, geklee in 'n pakkere en das, maar deur die weefsel van die lewe, - deur die gemeenskap van gelowiges wat “verbind is aan mekaar by elke ondersteunende ligament, deur mense wie se gawes só ineengewef is met mekaar, dat hulle “lede van mekaar is.”

Verstewig, “een hart, een siel, in een akkoord en met een doel.” Veg vir die visie van Handeling van gelowiges wat nie besitlik oor hulle besittings was nie, saamgevoeg - “toegewy aan die Apostels se lering, die breking van brood, gemeenskap en gebed” en “daaglik openlik van huis tot huis beweeg het.” Verkry n visie van God se mense as 'n organisme – verenig, wat 'n materiaal van lewens saam het en oor wie die satan en al sy demone nie kan seëvier nie. “bywoning-gebasserde godsdiens” is goed vir die Hindus en Moslems, maar dit is nie wat Jesus begin en bepaal het nie.

Sy voorneme is “nou, deur die Eklesia”, deur 'n ware Organisme en nie 'n groep mense wat net iets bywoon nie, maar lewens wat ineengewef is - “belydenis van sonde die een teenoor die ander”, “mekaar se laste te dra” en “mekaar lief te hê.” Dit is die soort van lewe wat deur ander gesien kan word. Dit is die soort lewe waarvan Jesus gepraat het, toe Hy gesê het: “deur ons liefde vir mekaar”, “dat alle mense sal weet”, dit is van Bo (Joh. 13). Hy het gesê dit sal die “magte en kragte veneder”. God se voorneme is nou om “*deur die Kerk*” satan met al sy magte en kragte in die openbaar te verneder. En Sy voorneme, volgens die Skrif, is om “*NOU*” deur Sy Kerk Sy vyande 'n voetbank van Sy voete te maak - nie net by Sy tweede koms en die Ewige Koninkryk, die afgehandelde werk van God nie, maar NOU alreeds .

Ons praat natuurlik nie van 'n utopie nie. Ons praat nie van sosiale bedrywighede, nie van 'n “ná die duisend jaar” soort van ding, nie heerskappy-teologie nie. Nie buigbare spiere nie, maar dit gaan oor 'n kruis... Ons praat hier van mense wat 'n ineengewefde lewe saam lewe, die wyse waarop Jesus dit gedoen het, as die Koning van alle konings. Hy was gebore as 'n onegte kind in 'n krip, Hy't gery op 'n geleende esel, en het geen besittings van Sy eie gehad nie - geen krag, geen geleerdheid, geen politieke agtergrond, geen “skoonheid of majesteit dat enigeen na Hom toe aangetrek sou word nie.” Ons praat hier van 'n Persoon wat op 'n baie aardse vlak binne-in die harte van mense kon kyk en hul na die kruis toe kon lei. Ons praat hier van om mense die skandaal van Sy bestaan en lewe te wys en hul op te roep om vissers van mense te word. Om

deel van Sy Huis, Sy “inwoning” te word. Om lewende stene te word. “’n Volk wat nie was, maar geword het”. Dit is God se hart!!.

Neem Jesus van Nasaret aan, met ’n Koninkryk wat “nie van hierdie wêreld is nie”, nie as ’n oorwinnaar van Rome of van watter land ons ookal in leef, of die “kerk” sisteem nie. Neem Hom net eenvoudig aan as die Timmerman Koning wat ons liefhet, ons vergewe het en Sy lewe vir ons neergelê het...en wie bereid was om die tafels in die tempel om te keer en ’n slaanding gebruik het as dit nodig was, ter wille van die liefde wat Hy vir Sy Vader en Sy Vader se Huis gehad het.

Jesus was gewillig om die heelal te bevraagteken waarin Hy gewoon het en dit te Verander, en Hy het ons geroep om dieselfde tipe persoon te wees. Dit is nie inligting-uitsending nie. Dit is ’n oproep tot heiligmaking en toewyding aan God se voorneme en ’n oproep om Sy visie uit te lig in ons hart en in ons lewens. Gaan op jou knie en bid! Dit is nie ’n oproep om net die sienlike wêreld/heelal te verander nie, maar ook om die onsienlike wêreld/heelal te verander. “Sy voorneme is **nou** om deur Sy Kerk Sy wysheid, die menigvuldigde wysheid van God, aan die magte en kragte” en aan alle mense bekend te maak.

So, laat die brandende kole van die altaar jou lippe en hart aanraak en skoon brand. Kyk op na God en roep uit na Hom: “Hier is ek, stuur my!”